

Maandag 18 November

Skrifgedeelte: Hebreërs 9:1-10

Fokusgedeelte: Hebreërs 9:9

Net die bloed van Christus kan ons gewetens reinig!

Skuldgevoelens. 'n Gewete wat my aankla! Dis iets wat nie vir ons onbekend is nie, is dit? Ons word vandag aangemoedig: Aanvaar dit as deel van jou menswees, ignoreer dit of leef dit dood. Jy is immers die baas van jou eie gewete.

In Hebreërs 9-14 sien ons God se oplossing: Net die bloed van Jesus kan ons gewetens reinig sodat ons die lewende God kan dien! Jesus is dus ook die Oorwinnaar van ons skuldige gewetes. Die Heilige Gees kom openbaar dit aan ons op 'n treffende manier. Ons sien die voorlopige uiterlike reiniging (skoonwas) van ons lywe (vs 1-10). En dan die finale volledige reiniging (skoonwas) van ons ganse menswees (vs 11-14).

Vers 1-10 fokus op uiterlike reinheid voor die asemrowende, volmaakte, heilige, skoon God. In die Ou-Testamentiese erediens moes alles gereinig word: van die gereedskap tot die mense. Die tabernakel is opgedeel in skoon (voorhof), skoner (heilige), skoonste (allerheiligste). Die klem val op die ontoeganklikheid van die allerheiligste waar net die hoëpriester een maal 'n jaar op die groot versoendag in God se direkte teenwoordigheid kon kom. Hy kon die volk daar verteenwoordig ná 'n groot reinigingsritueel waarin hy eers self van sy vuilwees gereinig moes word.

Hier is die uitdaging van vuilheid: Dit maak verhoudings onmoontlik. Dink maar aan 'n gesprek met iemand wie se asem stink. "Vuil" verwys ook na iets wat aan die verkeerde kant is van die reg. Dink maar aan "vuil geld". Dis ons probleem: God sien ons soos ons regtig is, en Hy is vir ons lief, maar Hy kan nie in 'n verhouding met ons wees nie, want ons is vuil, vrot en stink vanweë ons sonde en selfsug. Dis waarom ons gewetes ons so aankla!

Hy kom maak egter 'n plan. Eers 'n tydelike plan, vol offers en reinigingsrituele sodat ons iets van God se heiligheid en ons sondigheid, sy skoonheid en ons vuilheid kan sien. Dit kon egter op geen manier vir mense 'n volkome skoon gewete gee nie. Dit het uitgeroep vir 'n tyd dat God 'n beter orde sou instel (vs 10)!

Die punt is egter duidelik: Net Hy kan ons laat sien hoe vuil ons regtig is. Net Hy kan ons skoonwas sodat ons weer in 'n verhouding met Hom kan leef. So is Hy die oorwinnaar van ons gewetens! Gaan na Hom toe as jy God met 'n skoon gewete wil dien.

Sing: Skrifberyming 5-3 / Skrifberyming 8:1, 2

Ds. TF Dreyer (Thomas) (Randburg)